NG Kerk Rietfontein-Suid

Ons Gee Om

# Die Rietfluit

**Des 2022, Jan & Feb 2023**

***Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om***

## KERSBOODSKAP...

Kerstyd is al weer om die draai; 2022 is al amper verby. En hier op die einde van die jaar is ons almal verskriklik besig: ons wil dinge klaarmaak waarmee ons in 2022 begin het; ons wil vir oulaas probeer om nog binne die huidige jaar daardie saak wat aandag moes kry, af te handel, en ons het baie planne vir die feesseisoen. Die feit dat ons so besig is hier op die einde van die jaar, mag egter nie ons gedagtes so besig hou dat ons vergeet waaroor die feesseisoen gaan nie.

Kersfees dien as 'n herinnering aan die wêreld dat daar goeie nuus is: Jesus, ons Verlosser, is gebore. Daarom moet ons veral in hierdie feesseisoen onthou dat:

- Daar is Goddelike liefde in die lug! So lief het God ons deur Jesus...!
- Daar is verlossing vir verlorenes deur Jesus.
- Daar is 'n nuwe lewe moontlik.
- Daar is 'n Lig wat helder skyn in donkerte.
- Daar is heling in hierdie stukkende lewe en wêreld deur Jesus.
- Daar is Hoop vir hierdie hopelose wêreld.

Tydens die Tweede Wêreldoorlog is 'n klein dorpie deur 'n bomaanval

*JAARTEMA:* ***Wag op die Here***

verwoes. Een van die dinge wat egter bly staan het, was die kerktoring se klok. Vroeg die oggend na die verwoestende bomaanval het die kerk-klok gelui en die verwondes, sommige met verbande en ander op krukke, het kerk toe gekom en saam begin sing: *ere aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde*....! Want dit was kersdag! Jesus is gebore en het gekom in 'n stukkende wêreld om hoop en heling te bring vir die wat in Hom glo. Kom ons vier hierdie jaar om die regte rede fees: Jesus gekom het om verlossing, nuwe lewe, heling, en hoop te bring.

Geniet al die Here se goeie gawes in hierdie feesseisoen.

*Ds Petro Jonker*



**DANKIE VANAF DIE KERKRAAD....**

Dankie aan elke lidmaat vir jou liefde vir God en vir ons geloofsfamilie.

Dankie dat jy in 2022 saam ons gebid en gesoek het na die Here se wil, toegewyd gedien en betrokke was.

Dankie vir jou positiewe gesindheid en samewerking.

Dankie vir jou omgee, oop hart en hand vir die nood in en buite ons gemeente.

Dankie dat jy saam 'n verskil in ander se lewens gemaak het.

Mag ons saam in 2023 ervaar hoe God ons nader

aan Hom en mekaar bring. Ons sien uit om saam met jou die tema vir 2023 uit te leef: *God roep, ons bou*!

**NG Rietfontein-Suid** (volg die gemeente se nuwe facebookblad)

# - - - - DATUMS VAN BELANG - - - -

- **<u>14 Des:</u>** Skole sluit
- **<u>16 Des:</u>** Geloftediens om 9:00
- **<u>25 Des:</u>** Kersdiens om 9:00
- **<u>31 Des:</u>** Oujaarsdiens om 18:00
- **<u>2 Jan:</u>** Publieke Vakansiedag
- **<u>11 Jan:</u>** Skole open
- **<u>15 Jan:</u>** Kleurterkerk en Kategases begin om 9:00
  Jeuggroepe begin 17:00
- **<u>16 - 20 Jan:</u>** Week van Gebed
- **<u>29 Jan:</u>** Toewydingsnagmaal om 9:00
- **<u>5 Feb:</u>** Dankoffers
- **<u>24 Feb:</u>** Sending ete om 18:30
- **<u>26 Feb:</u>** Geloofsofferbelofte
  Youthbash om 18:00



# Kerstyd

## 'N WONDERLIKE KANS OM UIT TE REIK

- deur Peter Field

Is dit net ek, of krap dit jou ook om in Oktober in 'n supermark in te stap en daar is reeds Kerversierings? Behalwe dat die gees van Mammon Kersfees uitbuit, gaan die wêreld ombeskaamd voort om alles wat Heilig is te verontagsaam en te minag.

### Immanuel—God met ons

Tree weergebore Christene egter anders as die wêreldlinge op? Wat is ons ingesteldheid oor Kersfees? Ek wil nie nou die eeue oue debate - "Is Kersfees werklik geldig vir Christene?", "Word Kersfees op die regte datum gevier?" of "Wat is die oorsprong van Kersfees?"- hier bysleep nie, laat ons liewer oor een ding saamstem: die Kerstyd bied ons 'n wonderlike geleentheid om na ongelowiges uit te reik. Dit is die beste tyd nog om mense daaraan te herinner dat Christus aarde toe gekom het en dat dit Sy geboortedag is wat gevier word. Hy is Immanuel—God met ons.

### Weerspieël Christus tydens Kersfees

Daar is nie 'n beter kans as Kersfees om met iemand te praat oor God se reddingsplan deur Sy Seun Christus nie. Ons onvermoë om dié uitstekende geleent-heid te benut, lei daartoe dat die enigste gebrekkige getuienis aan die wêreld soms dié is van mense wat net op twee belangrikste datums kerk toe gaan—Kersfees en Paasfees. Verbaas dit ons dan dat ongelowiges die Christengemeenskap met agterdog bejeën en ons geloof betwyfel? Vir die meeste lyk Kersfees na niks anders as 'n "fees van die vlees" nie: Daar word vraatsig geëet, gedrink en uitspattig partytjie gehou sonder enige geestelike betekenis. As ons eerlik is, hoeveel van Christus word werklik in ons feesvieringe weerspieël?

### Spreek jou lewe van jou innerlike oortuiging?

John Lennon van die Beatles het 'n lied geskryf wat steeds elke Desember gespeel word: "And so this is Christmas." Die lirieke verwoord sy misnoeë oor die skynheiligheid van die "feesseisoen". Al weet ons dat nie almal wat hulle tydens Kersfees te buite gaan, voorgee dat hulle Christene is nie, kan ons nie

die feit ignorer dat weergebore Christene soms ook nie die ware gees van die Kerstyd uitleef nie. Spreek ons lewens van ons innerlike oortuiging en help dit ander mense om by Jesus, die rede vir Kersfees, uit te kom?

## Geen plek vir Jeus in hul lewens nie

Lukas spel dit duidelik uit dat Josef en Maria nie verblyf in Betlehem kon vind nie. Hierdie woorde weerklink tot vandag toe:"*... omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie*" (Lukas 2:7). Daar is steeds by soveel mense geen plek vir Jesus nie, veral nie tydens Kersfees nie. Hoe hartseer dat so baie mense geen plek in hule lewens het vir die Een wat hulle van sonde kan red nie. As jy oor die Kersverhaal nadink, is daar groot ooreenkomste tussen Josef en Maria se ervaring en ons moderne era. Daar was 'n toestroming van mense na die stede en hotelle omdat die regering 'n wet uitgevaardig het dat almal hulle moet laat registreer. Net soos in ons moderne Kerstyd was alle blyplekke vol en het die strate gewemel van mense. Dit was trouens so druk dat niemand die jong vrou opgemerk het wat ver swanger was en reeds kraampyne begin kry het nie; niemand het hulle oor haar ontferm en verblyf aangebied nie. Sy moes maar in 'n stal regkom.

Die klem op Kerspartytjies, dertiede tjeks, vakansies, familiefeeste, reisreëlings, ens. is so sterk dat daar vir Christus geen plek meer is nie.

## God begeer 'n ware verhouding met jou

God word in ons lewens weerspieël deur dit waaraan ons ons tyd, geld en energie bestee en waarop ons ons liefde tydens Kersfees uitstort. Dit mag dalk nodig wees om iets, of iemand, uit ons Desember-agenda te laat om genoeg plek vir Chrisus in ons harte in te ruim. Die godsdienstiges in Jesus se tyd het met Hom oor tradisies geargumenteer. In antwoord daarop het Hy uit die profeet Jesaja aangehaal: "*Die volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af.*" - Matt 15:8. God wil ons harte besit, Hy wil die allerbelangrikste plek in ons lewens inneem. Om net 'n paar cliché's oor Sy geboorte kwyt te raak en dan die familie bo Jesus te stel, verhef geensins ons feesvieringe van die vlak van vleeslikheid tot geestelikheid nie. Dit regverdig beslis nie die gebrek aan intimiteit met Hom nie!

## Laat jou lewe kragtig getuig

Baie kerkgangers gaan oor die Desember vakansie "huis toe" net om in allerlei

sondes te verval. So dikswels, juis omdat hulle nie kerk toe gaan nie en persoonlike dissipline ook by die deur uitvlieg, kan die wêreldse "feesgees" menige Christen pootjie en laat vergeet van ons Raadsman, Ewige Vader, Magtig God en Vredevors. Met die toenemende druk uit sekulêre geledere en vals godsdienste om die Christelike boodskap oor die Kerstyd uit te wis, is dit des te belangriker dat ons lewens getuig van die hoop en redding in Jesus Christus.

Wanneer toegewyde Christene so lewe dat niemand hulle liefde vir die enigste Redder en Saligmaker kan bevraagteken nie, het dit 'n kragtige uitwerking in die wêreld. As ons nie met integriteit lewe nie, lyk ons geloof leeg en kragteloos. Tydens Kersfees behoort Christene se lewens so kragtig te getuig dat die sameleweing nie anders kan as om ons geloof in Christus ernstig op te neem nie.


## Klop en Ek sal oopmaak

Bekamp hierdie Kersfees wêreldse oordadigheid en spandabelrigheid en wy eerder jou tyd, aandag en geld aan 'n meer verdienstelike saak. Kom ons verheerlik God deur Sy Gees te nooi om ons te help om die vrug van die Gees uit te leef. Laat Hy jou lei oor hoe om jou tyd en geld te bestee en saam met wie om Kersfees te hou. Wees ontvanklik vir hoe Hy wil hê jy 'n geseënde Kersfees met ander deel.


Ons lees in Openbaring 3:20: "*Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.*" Ongelukkig wys baie mense hierdie aanbod van die hand, of steur hulle doodeenvoudig nie daaraan nie. Die herbergier in Betlehem het die geleentheid van 'n leeftyd misgeloop. Moenie joune misloop nie. Geniet vanjaar 'n gelukkige, geseënde Kersfees en gebruik dit om die werklikheid van ons Verlosser vir ander te spieël!


*Pastoor Field P., Desember 2018, Juig! Tydskrif, Kerstyd, 'n Wonderlike kans om uit te reik, Volume 10 Uitgawe 11, bl 28 - 30.*

# RIETFLUIT ONTSPANNINGSHOEKIE







# Onse Vader gebedsblokkie




JeugHartklop

JUIG! BYBELPRET

# SOEK DIE WOORD

## 2 KRONIEKE 24:17-25

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| D | A | V | E | D | F | W | I | S | S | E | L | I | N | G | N |
| A | R | A | M | E | E | R | S | A | E | P | S | J | E | E | Y |
| M | F | I | E | L | I | N | O | R | I | L | S | U | S | B | S |
| P | D | G | V | P | O | J | T | W | A | E | R | E | M | O | S |
| T | E | E | O | N | R | R | R | V | K | E | R | T | L | O | V |
| E | B | W | O | D | O | O | D | G | E | G | O | O | I | I | O |
| N | A | O | R | O | S | Y | F | L | M | V | A | P | S | E | O |
| A | A | N | V | A | A | B | B | E | O | A | M | H | G | A | R |
| R | R | D | A | A | G | U | E | I | T | D | M | E | E | A | H |
| E | P | A | D | N | A | I | S | E | O | E | O | M | W | M | O |
| G | A | B | E | K | R | T | I | R | L | R | N | E | A | K | F |
| I | D | A | R | L | I | S | T | S | N | D | I | L | A | T | A |
| D | A | S | S | A | A | M | G | E | S | W | E | E | R | A | R |
| N | J | K | R | G | M | O | A | B | I | E | T | E | S | M | T |
| O | O | L | I | E | E | H | E | E | P | P | I | L | K | I | S |
| S | J | O | S | A | B | A | D | A | M | A | S | K | U | S | V |

AANKLAG
AFGODSBEELDE
AMMONIET
AMPTENARE
ARAMEËRS
BESIT
BUIT
DAMASKUS
DOODGEGOOI

GEBOOIE
GEWAARSKU
GEWOND
JOAS
JOJADA
JOSABAD
KLIPPE
LEIERS
MOABIET

OORTREE
OPHEMEL
PLEEGVADER
PROFETE
SAAMGESWEER
SABAD
SAGARIA
SIMAT
SOMER

SONDIGE
STRAF
VALS
VOLTREK
VOORHOF
VOORVADERS
WISSELING

Hierdie woordraaisel is deur Theresa Jones, 'n plaaslike skrywer, saamgestel.

*Jones T., Desember 2018, Juig! Tydskrif, Soek die Woord, Volume 10 Uitgawe 11, bl 8.*

# NG Kerk Rietfontein-Suid

| NG GEMEENTE RIETFONTEIN SUID | |
|---|---|
| Finansiële verslag Januarie 2022 tot Oktober 2022 | |
| **Begroot** | | **Werklik** |
| 14,660 | Geestelike Toerusting | 5,359 |
| 4,330 | Instandhouding | 1,060 |
| 1,785,860 | Gemeente Infrastruktuur | 1,581,984 |
| 10,750 | Diens van Barmhartigheid | 15,165 |
| 63,200 | Sending | 59,884 |
| **1,878,800** | **Inkomste** | **1,663,452** |
| 125,775 | Geestelike Toerusting | 39,107 |
| 40,430 | Instandhouding | 39,317 |
| 1,438,582 | Gemeente Infrastruktuur | 1,364,637 |
| 20,370 | Diens van Barmhartigheid | 3,442 |
| 65,051 | Sending | 54,511 |
| **1,690,208** | **Uitgawe** | **1,501,014** |
| **188,592** | **Oorskot** | **162,438** |

Die begrote syfers is ingesluit sodat u 'n vergelyking kan maak tussen die beplanning en die werklikheid. Ons het, soos die verslag wys, baie minder spandeer as wat ons beoog het. Dit weerspieël dat die bedieninge hande nodig het om te help met die uitvoering van die planne.



Die groot oorskot is 'n baie welkome verskil teen 'n jaar gelede. Ons prys die Here vir sy getrouheid en seën op ons gemeente. Baie dankie aan elkeen wat 'n verskil maak met julle dankoffers.

# OESTYD

## November 2022

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

# MOSAMBIEKSENDING
## Andries & Sunette Schwartz

*Nuusbrief: Julie – Augustus 2022*

Na ons tyd in die Suide het ons Noord gedraai. Dat van die Veritas fasiliteerders wat in Gaza opgelei is intussen besig is om eie groepe bymekaar te kry en die materiaal aan te bied is bemoedigend.

Onsself het egter gedurende Julie en Augustus in die Noorde van die land van Oos na Wes gereis om verskeie bedieningsgeleenthede te benut, maar moes van ons reisplanne kortknip vir gesondheidsake.

**1. Nacala**
Na `n lang en moeilike pad het ons in Nacala aangland waar ons toe twee dae spandeer het en gepoog het om vd laaste sake daar af te handel. Van ons besittings en opleidingsmateriaal is o.a. ook hier by vriende en kollegas gestoor. Ons moes aandag gee aan meubels wat water skade opgedoen het en het toe soveel as wat kon in die Landy en sleepwa gelaai. Die volgende stopplek was Pemba.

**2. Pemba**
Tussen al die pragtige plekke waar ons in hierdie tyd gereis en werk het, is Pemba seker nog die naaste aan huis. Die meeste van ons goed is hier in 'n houerkamer gestoor, en ons verblyfpermitte dui ook aan dat dit ons tuiste in

Mosambiek is.

Ons was die hele Julie in Pemba, en kon weer bande optel met ‘n verskeidenheid mense.

Andries het meestal gefokus op die Veritas werk. Vier nuwe fasiliteerders is opgelei en Marson, wat deel is van die fasiliteerderspan, het sommer ook weer by die opleiding kom insit.
Die plaaslike oud-Veritas deelnemers het ‘n klomp nuwe deelnemers bymekaar gekry, en nog ‘n groep het module 1 voltooi. Van die ou en nuwe fasiliteerders is in die opleiding ingespan en so is ook hulle vaardighede op die proef gestel.
Die terugvoer was weer baie bemoedigend. Die impak is altyd op drie vlakke: `n beter hantering v.d. Woord, `n groei in bedieningsvaardighede en `n verbintenis tot gehoorsaamheid.

Behalwe vir die Veritas groepe het ons ook met ‘n groot verskeidenheid ander mense geskakel. Dit was so goed om weer met sendingvriende te kuier, saam te bid en mekaar te bemoeding.
Vicente vanaf die radio in Macomia het ons ook besoek. Wat ‘n vreugde! Ons het ‘n skenking van klein sonpaneel radiotjies, audio Bybels en nog meer gehad om aan hom te oorhandig vir verspreiding daar.



**‘Dr. Tomo’**

Hy is ‘n goeie vriend van Radio Nuru en het altyd sy musiek vir gebruik op die radio beskikbaar gestel. Die dorp waar hy en sy gesin gebly het is telkens deur die boos-doeners aangeval en hy het vertel hoe hulle keer na keer van die een plek na die ander moes vlug – en het met tye baie kilometers te voet moes afle.

`n Goot verrassing was om ‘Dr. Tomo’ raak te loop. Hy is ‘n musikant wat sy Christelike musiek, opneem en skryf.

Die sekerheidssituasie in die provinsie bly nog baie gespanne en onstabiel en in die Macomia distrik is daar nog weekliks ‘n aanval of meer. Daar is ook gerugte dat met somige aanvalle die Christelike leiers uitgesoek word en dan wreed in die publiek vermoor word. Laat ons nie ophou om vir hulle te bid nie.

Ons kon ook met ‘n paar ander ‘Muslim Background Believer’-vriende saam kuier, bid en besin oor die verspreiding van die Goeie Nuus in die provinsie, o.a. d.m.v. die skep en vertaling van nog materiaal vir uitreik en jong gelowiges.

Tewyl Andries klas gee is Sunette altyd op soek na geleenthede om die evan-

gelie met mense te deel. So het sy stories uit Genesis aan ‘n moslem tannie vertel, en díe was baie ywerig om dit alles te hoor, en haar gesin moes ook hoor. ‘n Paar ander geestelike gesprekke het kon lei na die gee van ‘n audio Bybel of twee.

**3. Muapula**

Op ons Oos-na-Wes roete vanaf Pemba na Lichinga/Chiconono, lê Muapula in die middel.

Telkens as ‘n mens hier kom word jy bewus van die veranderende krag van die evangelie, wat deur baie jare se volhardende werk, deur baie teenstand en teleurstellings heen, tog diep in die harte van die groepie gelowiges inslag gevind het. Ons word hier altyd met soveel liefde ontvang. Die Veritas materiaal word dan ook teen ‘n stadiger pas aangebied, en dan met `n klem op die persoonlike toepassing daarvan.  Module 1 se laaste les, oor kleingroepe en Byblestudies in groepies moes eers afgehandel word. Die deelnemers was baie opgewonde om ‘n kleingroep te begin waarheen hulle ook nie-gelowiges wil nooi. Bid asseblief hiervoor.

Andries het toe met module 2 afgeskop. Hulle het so ywerig met die materiaal te werk gegaan, dat net les 1-3 voltooi is. Dit voel egter dat hierdie min of meer die mees impakvolle aanbieding van Veritas is, en ons voel glad nie sleg om die modules so stuk-stuk aan te bied nie. Module 2 se les 1 behandel ‘n oorsig oor die Ou Testament; met die fokus op die heilsgeskiedenis. Groepies van 2 of 3 deelnemers het elk ‘n deel van die OTe geskiedenis gekry om voor te berei en vir die klas aan te bied. Die klomp het hulle so goed van hulle taak gekwyt, dat ons belsuit het om dit op te neem en die aanbiedings in audio programme, sowel as video clips te omskep. Ons het toegang tot ‘n paar platvorms in die Noorde waar dit dalk nuttig gebruik sou kon word.

**4. Lichinga en Chiconono**

Na ons tyd in Muapula, het ons verder weswaarts gereis om eerstens by Lichinga en daarna by Chiconono, waar ons vanaf 1995 –2004 gewoon en werk het, uit te kom.

Die rede vir ons besoek aan Lichinga was hoofsaaklik tweerlei van aard. 1. Dit was tyd vir Andries se voorgeskrewe 3 maandelikse PSA toets, en 2. Andries wou die Veritas materiaal aan die SIM Bybelskool op Lichinga bekend stel.

So is ons met ons aankoms na ‘n klein privaat kliniek vir die toets, en Andries het ‘n gesprek met Tim, die hoof van die Bybelskool gehad. Een van die skool se dosente uit Brasilie is reeds maande aan die sukkel met sy dokumente en daar was ‘n gaping vir die Veritas opleiding. Daar is toe sommer gereel dat hy die daaropvolgende 2 weke klas sou aanbied.

Andries se PSA uitslae was egter hoog, maar aangesien die dokter seker was dat die ‘PET-scan’ afspraak eers weke later sou wees, het ons besluit om vir eers met ons beplande skedule voort te gaan.

So is ons weg Chiconono toe. Wat ‘n voorreg was dit om ou bekendes weer in lewende lywe te sien. Ons was gaste van die De Wets en Bothas wat saam met en deur hul bosbou en landbou aktiwiteite na die gemeenskap uitreik. ‘n Mens voel klein as jy hoor van soveel werkers en ander uit hierdie moslem-gemeenskap wat Jesus onlangs as hul verlosser aanvaar het – en dan is daar boonop ook nog die belangstellendes wat graag na die boodskap luister.

Ons het egter sommer vinnig vinnig van die dr. gehoor en ook ‘n datum vir die scan gekry. Dit was goeie nuus, maar ons uitreikplanne is toe kortgeknip.

Andries kon darem met een groepie werkers vergader. Die groepie gelowiges wat ons goed ken en wat van lankal af in ‘n huissel saamkom, kon ons ook net so tussendeur die begrafnis van ‘n oom te siene kry.
Ons kon darem by koning Tamila besoek aflê. Hy het intussen skynbaar ‘n beroerte gehad en kon nie juis praat nie, maar was sooo bly om Andries te sien. Ons kon vir hom en ‘n paar ander bekendes elk ‘n audio Bybel gee. Bid gerus vir hom, wat nie ‘n gelowige is nie, maar ons altyd met soveel openheid ontvang het.

**5. Suid, Suid tot in SA**
Ons het weer die ou roete wat ons jare gelede jaarliks SA toe gery het aangepak. Die grensgelde deur Malawi en Zimbabwe is wel amper R3000 duurder as toe, maar die pad baie korter en beter as die ander roete. Twee dae se ry van 17 en 18 ure onderskeidelik, en ons was in Pretoria.

**6. Gesondheidsake**
Andries se ‘PET scan’ is gedoen en geen sigbare kanker het opgewys nie. Sy PSA bly egter hoog, so hy is gemeet en pas om oor ‘n week of twee met 6 weke se bestraling te begin. Hy het alreeds ook met ‘n hormoonbehandeling van twee jaar afgeskop. Ons ervaar die Here se leiding en Sy hand oor ons. Wat ‘n voorreg om Sy kind te wees.

**7. Media**
Terwyl gesondword natuurlik die hooffokus van die volgende klompie weke in Suid-Afrika sal wees, gee dit ons tog die geleentheid om steeds aan materiaal wat die aankondiging en koms van God se Koninkryk kan ondersteun, aandag te gee.

Ons het vanaf verskillende plekke positiewe terugvoer ontvang oor die twee boekies wat ons in 2020 gedurende Covid laat druk het. Ons werk aan geskrewe, audio en audio-visuele materiaal. Veritas se vierde module is natuurlik ook nog in die vertaalproses.

Dit bly vir ons verstommend hoe die Here gedurende hierdie hele tyd vir ons voorsien het; op die pad en telkens met `n blyplekkie of paleis. Dit is nou 9 maande wat ons ‘uit ons tasse leef’ en is met dankbaarheid vervul oor Vader se voorsiening en kosbare vriende se offergewende liefde. Dankie aan almal wat ons met soveel belangstelling ondersteun, en wat vir ons bid. Kontak ons gerus

as julle tydens ons tyd in Suid-Afrika met ons wil kontak maak.
Paz (Vrede –gelowiges in Mosambiek groet mekaar so).

## *E-pos: September 2022*

Soos julle weet is ons in hierdie tyd besig met allerlei media-vir -die-Koninkryk projekte, gerig op die mense van Noord- Mosambiek.

Een van die projekte is om opnames wat ons van die Veritas-studente in Muapula gemaak het om te skakel in audio programme, sowel as 'video clips'. Vir laasgenoemde het ons tekeninge van allerlei Ou Testamentiese verhalde nodig - inteendeel, ons sal tekeninge van bykans enige verhaal in die Ou Testament kan gebruik. Die inhoud van die opnames behandel 'n oorsig oor die Ou Testament, verdeel in verskillende tydperke (Veritas Module 2).

In 2020 het ons soveel wonderlike ondersteuning in hierdie verband van so baie van ulle ontvang - ondersteuners wat geteken het of ons in kontak gebring het met ander wat bereid was om ons met 'n tekening of twee te help. Ons wil dan nou dieselfde versoek as toe aan julle rig. As jy kans sien om vir ons 'n prentjie of meer te teken, of iemand ken wat bereid sou wees om dit te doen - haal daardie potlode uit. Dit sal goed in die Koninkryk gebruik word. Indien van die tekeninge in enige van ons ander media gebruik kan word, aanvaar ons dat dit so met die kunstenaar in orde sal wees, tensy hy/sy dit anders vermeld,

**Hierdie keer hoef tekeninge nie tot lyntekeninge beperk te wees nie**, maar nie -kleur, lyntekeninge kan bo en behalwe in die ''video clips' ook in gedrukte media gebruik word.


Indien jy toegang het tot bestaande prente, tekeninge ens waarop daar nie kopiereg is nie, en vir ons bruikbaar mag wees kan jy dit gerus aanstuur.


Ek heg hierby weereens riglyne vir die tekeninge en inligting t.o.v. die mense (ontvangers) op wie die media gemik is aan, asook 'n voorbeeld van 'n 'realistiese tekening' (bruikbaar) en 'n nie-realistiese of karikatuur-tipe tekening (oneffektief/ onverstaanbaar) aan.

**Stuur asb terugvoer na Sunette by sunette.schwartz@gmail.com**

*Guidelines*

- We (Andries and Sunette) will have the right to choose which drawings to include in the booklets and other media, (especially when perhaps receiving more than one drawing on the same topic).
- Use pencil or pen sketches if you would like your drawing to be used in printed material as well - printing will not be in colour. **Line art!**
- Remember the **context** of the readers - African people, women mostly dressed in skirts/ dresses/ kapulanas (sarong) with head scarfs and men wearing western clothes. Mus!im dress can also sometimes be used - women wear an open-faced head dress which hangs over the shoulders while men often wear the small hat (kofia) on their heads. The youth increasingly wear more modern clothes and can at times also be portrayed in this fashion.
- pictures portraying events in a Bible story must be in the **context** of Biblical times.
- **realistic drawings** are rather understood and appreciated by people than others. We have found that caricature type of drawings which seems quite normal to us, do not make sense to people there. I include an example of this - the first drawing of the rabbit would be recognised by the people as a rabbit while it would not be the case with the second drawing.





# Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak **Carl de Beer 083 443 9256**

Sendinggroete in Christus, **Sending (as deel van Diensgetuienisbediening)**

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615 Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)






Under the leadership of a Captain who had never been foiled in battle, how could you dream of defeat?



# God is my **Voorsiener**

-deur Karen Badenhorst

Verlede jaar is agter die rug en Kerspresente is ou nuus! So ook bonusse en die Desembersalaris. 'n Nuwe jaar lê voor: nuwe begrotings moet opgestel word vir skoolfondse en universiteitsgelde. Voedselpryse skiet die hoofte in en hoe gemaak as die petrolprys wéér styg?

2022 was 'n uitdaging vir baie mense: Werkloosheid, regstellende aksie, famlie wat emigreer, of mediese onkostes was jou lewe onverwags omkeer. Met al dié uitdagings het ek ook een vir jou: Kan jy aan ons Hemelse Vader vashou en Hom vertrou vir alles wat vanjaar jou pad gaan kruis? Ook wat jou geldsake betref? Jy kan die volgende doen as jou uitgelegde paadjies besluit om draaie met jou te stap:

## Beplan

Sonder beplanning kan ons in groot slaggate trap. Beplan dus vooruit wat belangrik is en wat nie. Verdeel die jaar in maande en selfs weke, so kry jy gemoedsrus vir die jaar wat voorlê.

## Begroot

Om 'n begroting vir jouself en / of saam met jou lewensmaat op te stel, kan verhoed dat daar te veel maand oor is en jou geld te min is. Die begroting moet natuurlik saam met jou beplanning in berekening gebring word.

## Bid

In vandag se gejaagde lewe is dit nogal 'n uitdaging om die tyd uit te koop, of hoe? Jesus het geweet hoeveel dit gaan verg en het gereeld 'n uurtjie alleen saam met Sy Vader deurgebring. Probeer vroeg in die oggend bid voordat jy nog met jou daaglikse take begin. Bid vir leiding oor hoe jy jou geld moet spandeer. Bib ook dat die vrug van jou handewerk geseën sal word.

## Spreek lewe

Ek glo dat ons 'n daadwerklike verskil in ons eie lewens en in die van

ander kan maak met ons woorde. Onderwerp elke gedagte aan Christus en verwoord 'n gedagte slegs as dit goeie vrug gaan dra,

want woorde is kragtig!

## Gee jou tiende

Ons almal ken Maleagi 3:10 wat ons daaraan herinner dat God die "venters van die Hemel" sal oopmaak, maar vers 11 het 'n besondere mooi belofte: *"Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die Here van die leërskare."* - Maleagi 3:11.

Begin 2023 met die Lewende God aan jou sy en vertrou op Hom vir voorsiening vir die jaar. Mag 2023 'n geseënde finansiële jaar vir jou wees.

*Badenhorst K., Januarie 2019, Juig! Tydskrif, God is my voorsiener, Volume 11 Uitgawe 1, bl 69.*



| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | 6 | |
| | 9 | | 2 | 8 | 1 | 4 | | |
| | | | | 5 | | 9 | 8 | |
| | 1 | 9 | | | 5 | | 4 | 3 |
| | | | | | | | | |
| 6 | 7 | | 3 | | | 8 | 1 | |
| | 3 | 1 | | 9 | | | | |
| | | 8 | 5 | 1 | 4 | | 2 | |
| | 4 | | | | | | | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 6 | | | | | |
| | | | | 9 | 7 | 3 | | |
| | 8 | | | 1 | | 2 | | 9 |
| 3 | 9 | | | | | 8 | 4 | |
| | | | | 2 | | | | |
| | 7 | 6 | | | | | 9 | 1 |
| 9 | | 2 | | 8 | | | 6 | |
| | | 8 | 7 | 3 | | | | |
| | | | | | 5 | | | |




**RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE**

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com. Kontak nommer is 0721113100